Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG, 26 APRIL 2017 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Maart, E S M (DA)
Mfutwana, L E (EFF)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Die Speaker rig 'n woord van verwelkoming aan Vader Craig van die St Thomas Anglikaanse Gemeente, Malmesbury wat die vergadering op versoek van die Speaker met skriflesing en gebed open.

Die Speaker verwelkom teenwoordiges en dra sy gelukwense oor aan rdl C H Papers, synde die enigste raadslid of amptenaar wat gedurende die afgelope maand verjaar het.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle Z Bekebu, V D McQuire en B J Stanley.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

3.1 RAADSLIDVERGOEDING 2016/2017 FINANSIËLE JAAR (5/10/1)

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, bevestig dat die instemming van die LUR vir plaaslike regering, Minister Bredell, bekom is vir die implementering van die gewysigde toelaes en voordele soos gerappoteer aan die Raad op die spesiale raadsvergadering van 13 April 2017.

VIR KENNISNAME

4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING

4.1/...

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU 23 MAART 2017

BESLUIT
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl C B Fortuin)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 23 Maart 2017 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notule:

5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU 8 FEBRUARIE 2017
saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 1 FEBRUARIE 2017

5.2 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 22 MAART 2017
saamgelees met
NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES GEHOU OP 1 MAART 2017

6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Geen

7. SAKE VIR BESPREKING

7.1 OORNAME VAN BATES: WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT (2/1/2/2/1, 16/1/1/B)

Daar is reeds vantevore aan die Raad gerapporteer insake die aanstelling van die Weskus Distriksmunisipaliteit (WKDM), ingevolge 'n artikel 78 ondersoek, as die Waterdienste Verskaffer deur middel van 'n diensleweringsooreenkoms om water te verskaf aan die betrokke B-munisipaliteite.

Die diensleweringsooreenkoms is op 26 Mei 2016 deur die Raad met 'n verdere jaar verleng tot 30 Junie 2017, ten einde volgehoue dienslewering te verseker.

Die "*Municipal Transfer Regulations*" wat in 2008 afgekondig is bepaal egter dat die waterskemas ontbondel moet word en oorgedra word aan die B-munisipaliteite. Dié aksie het nog nie plaasgevind nie, en was die WKDM verantwoordelik om lenings uit te neem vir die finansiering van kapitaalprojekte. Die WKDM se vermoë om verdere lenings uit te neem is egter beperk om toekomstige projekte te finansier.

Na omvattende gesprekvoering tussen die betrokke partye, is die behoefte geïdentifiseer om weer 'n artikel 78 ondersoek te doen om te bepaal of die diens nie meer volhoubaar voorsien kan word deur middel van 'n alternatiewe meganisme. Vir hierdie doel sal die betrokke B-munisipaliteite se kapasiteit en potensiële toekomstige kapasiteit om die nodige vaardighede, kundigheid en hulpbronne vir die verskaffing van die diens te voorsien, geassesseer word.

Op navraag van rdl D B Philander of Swartland Munisipaliteit gereed is om die diens oor te neem, verduidelik die Uitvoerende Burgemeester dat die artikel 78 ondersoek dit sal uitwys.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word dit beslis (in die afwesigheid van drie raadslede) met 19 raadslede ten gunste daarvan, en met een raadslid wat buite stemming bly.

7.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdv M S I Goliath, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die bestaande Diensleweringsooreenkoms met die Weskus Distriksmunisipaliteit, Bergriver en Saldanha, vir ‘n verdere termyn van een jaar verleng word, met ingang vanaf 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2018;

(b) Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die Tweede Addendum tot gemelde Diensleweringsooreenkoms, soos aangeheg by die verslag, te mag onderteken.

7.2 BENUTTING VAN (1) MINERALE BRONWATER, MALMESBURY EN (2) OORTOLLIGE GESUIWERDE RIOOLAFLOOP, RIEBEEK KASTEEL (14/2/12)

Die Raad se goedkeuring is tydens ‘n spesiale raadsvergadering gehou op 28 Julie 2016 bekom om (1) die water afkomstig vanaf die minerale warmwaterbron te Malmesbury, asook (2) die oortollige behandelde rioolafloop van die Riebeek Kasteel Rioolwerke, by wyse van ‘n openbare mededingingsproses aan voornemende ontwikkelaars/gebruikers beskikbaar te stel.

Tydens die opstel van die tenderspesifikasies is insette bekom van die betrokke direktorate en is versoek dat sekere aspekte weer deur die Raad oorweeg moet word, onder andere verlenging van periode ten opsigte van gebruiksregte en die vereiste om ‘n sosiale bydrae te lewer.

Rdl D B Philander versoek dat wanneer sosiale bydraes oorweeg word, die erns van dwelm- en alkoholmisbruik in die munisipale area in ag geneem moet word, en die moontlikheid om ‘n rehabilitasiesentrum te vestig.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die omvang van dwelm- en alkoholmisbruik erken word, maar dat die vestiging van ‘n rehabilitasiesentrum nie die bevoegdheid van ‘n plaaslike owerheid is nie, en is dit moeilik om pro-aktief op te tree. NGO’s, provinsiale departemente en ander rolspelers moet hande vat in die bekamping hiervan om ‘n groter impak te verseker, en sal die Munisipaliteit hulp verleen waar moontlik.

Mnr J J Scholtz noem ook dat die sosiale- en arbeidsplanne wat saam met mynaansoeke aan die Departement van Minerale en Energiesake voorgelê word, meer gekoördineerd moet plaasvind, ten einde die plaaslike behoeftes soos geïdentifiseer deur die strukture/planne van die Munisipaliteit aan te spreek.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl P E Solomons)

Dat raadsbesluit 8.9 van 28 Julie 2016 gewysig word tot die volgende effek:

(a) Dat tenders met gebruiks-/ontwikkelingsvoorstelle by wyse van openbare tender ingewin word ten opsigte van die water afkomstig vanaf die minerale warmwaterbron geleë op erf 7211, Malmesbury;

(b) Dat slegs monetêre aanbiedinge gevra word ten opsigte die oortollige gesuiwerde rioolwater afkomstig vanaf die Riebeek Kasteel Rioolsuiweringswerke;

(c) Dat die toekenning van gebruiksregte in beide gevalle gekoppel word aan ‘n periode van twintig jaar, om die ekonomiese haal- en volhoubaarheid daarvan vir die suksesvolle tenderaars te verseker, en onderhewig aan ‘n eerste reg van weiering ingeval die Munisipaliteit by verstryking van die termyn weer die water te koop sou aanbied;

(d) Dat, in plaas daarvan om ‘n sosiale bydrae te vereis van die suksesvolle tenderaars, daar ten opsigte van beide gevalle goedkeuring verleen word dat die opbrengs wat addisioneel tot die reserweprys per kiloliter deur die goedgekeurde projekte gegenereer word, in toekomstige raadsbegrotings spesifiek geoormerk (ge-‘*ringfence*’) word vir sosiale projekte wat die onderskeie gemeenskappe sal baat en wat in oorlegpleging met die Raad geïndentifiseer sal word.

7.3 GOEDKEURING VAN DIE GEÏNTEGREERDE AFVALBESTUURSPROGRAM (16/4/B)

Die *National Environmental Management Waste Act, Act 59 of 2008* (slegs uitgebring in Engels) bepaal dat elke plaaslike owerheid 'n Geïntegreerde Afvalbestuursprogram moet opstel wat elke vyf jaar hersien moet word.

Rdl F S Humphreys versoek dat 'n meer gedetailleerde verslag aan die Raad beskikbaar gestel moet word, wat ondere andere 'n bestuursopsomming van die afvalbestuurs-program moet bevat, en word die versoek ondersteun deur die Uitvoerende Burgemeester.

BESLUIT
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl O M Stemele)

Dat die verslag onttrek word, om geleentheid te gee aan die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste om 'n bestuursopsomming aan die Raad voor te lê wat die nodige leiding verskaf vir die oorweging van die Geïntegreerde Afvalbestuursprogram.

7.4 MUNISIPALE AFBAKENINGSRAAD 2017-2021 (17/17/1/1)

Omsendbrief 1/2017 van die Munisipale Afbakeningsraad wat die vooafgaande konsultasieproses tot die 2021 plaaslike verkiesings bevat, is met die sakelys gesirkuleer. Die Afbakeningsraad het besluit dat daar nie groot herafbakening van munispale grense sal plaasvind nie, en dat daar slegs gehandel sal word met tegniese regstellings/afwykings van munisipale grense.

Mnr J J Scholtz – in sy hoedanigheid as Munisipale Verkiesingsbeampte – doen 'n beroep op die onderskeie politieke partye om twee afgevaardigdes aan te wys vir die bywoning van die party oorlegkomiteevergaderings (PLK).

Dat **KENNIS GENEEM** word

(a) van die inhoud van Omsendbrief 1/2017 van die Munisipale Afbakeningsraad, rakende die beplande program in aanloop tot die 2021 plaaslike verkiesings;
(b) dat die Omsendbrief ook ter insae gesirkuleer sal word aan die onderskeie wykskomitees.

7.5 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): JANUARIE-MAART 2017 (7/1/2/2-2)

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die voorlegging van die verslag aan die Raad dien as een van die Uitvoerende Burgemeester se algemene verantwoordelikhede om die Raad in te lig insake die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die munisipaliteit.

Die Speaker gee geleentheid aan die Direkteur: Finansiële Dienste om die belangrikste aspekte in die verslag te behandel.

Rdl F S Humphreys spreek haar kommer uit aangaande die oorspandering van die beplande oortyd tot einde Maart 2017, en veruidelik die Direkteur: Beskermingsdienste dat addisionele dienste in Ilinge Lethu en Phola Park gelewer is. Die Direkteur: Finansiële Dienste gee die versekering aan die Raad dat die salarisbegroting nie oorspandeer sal word nie.

Dat **KENNIS GENEEM** word

van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting, sowel as die prestasie teenoor die topvlak Dienslewering- en Begroting-implementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Januarie 2017 tot 31 Maart 2017.

GETEKEN:
SPEAKER